© Kopiereg

Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (031) 764-0074 of (086) 637-7808
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Bybelstudie – Graad 7

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Jesus se 'Ek is'-gesegdes

1. Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."
(a) *Johannes 18:23* (b) *Johannes 14:6* (c) *Johannes 10:9* (d) *Johannes 8:28*

Pas die teksverwysings in vraag 2 – 5 by die prente in (a) – (d). Jesus het gesê, Ek is die ……

(a) Goeie herder

(b) Brood van die lewe



(c) Ware wingerd

(d) Lig van die wêreld

2. *Johannes 15:1* **3. *Johannes 10:11,14*** **4. *Johannes 9:5*** **5. *Johannes 6:32-34***

Om Jesus te volg

Het jy al ooit moeite ondervind om 'n gewoonte te verander? Mense is gewoontevormende wesens. Ons hou aan optree soos wat ons in die verlede gedoen het. Soos 'n rivier wat deur 'n ravyn vloei; hoe langer die gewoonte aanhou, hoe dieper word dit deel van ons en hoe moeiliker word dit om te verander. Dit is waar van alle gewoontes, goed of sleg.
Die belangrikheid van 'n gewoonte is afhanklik van die gevolge daarvan. Dwelmmisbruik het byvoorbeeld baie ernstiger gevolge as om jou naels te byt. Die mees beduidende gewoontes is dié wat ewige gevolge het.
Efesiërs 4:22-24 toon dat groot veranderinge plaasvind wanneer ons bekeer word. Ou gebruike en houdings word met nuwes vervang. Dis vir ons nodig om te weet, nie net *watter* veranderinge om aan te bring nie, maar *hoe* om hulle te maak. Verandering gebeur nie maklik nie. Aangesien die Bybel ons van alle goeie werke voorsien *(2 Timoteus 3:16,17)*, gee dit ons al die leiding wat ons nodig het.

Deur die vermoëns wat God aan ons beskikbaar gestel het, te gebruik, kan jy verander na dit wat Hy wil hê. Hy gee motivering, leiding en aanmoediging. Al wat daar vir jou oorbly, is om vasbeslote te wees om Sy wil te volg en dan fluks op daardie besluit te reageer. Hy voorsien die gereedskap. Jy moet dit gebruik. Watter keuse sal jy maak?

Om vraag 6-25 te beantwoord, verwys na die teksvers wat vir elkeen gegee is.

---

6. Hoe het God Sy liefde vir ons gewys? *(1 Johannes 4:9,10)*
(a) Hy het Sy engele gestuur om ons te beskerm. (b) Hy het Daniël van die leeus gered.
(c) Hy het vir ons kerke voorsien om in te aanbid. (d) Hy het Jesus gestuur om ons van ons sondes te red.

7. Hoe behoort ons ons liefde vir God te wys? *(1 Johannes 5:3)*
(a) Deur Sy Woord te verkondig. (b) Deur heilig te wees. (c) Deur Sy gebooie te gehoorsaam. (d) Deur te bid.

8. Mense word dikwels gemotiveer om een of ander 'held' te wees. Wat is die doel van 'n dissipel? *(Lukas 6:40)*
(a) Om ryk te word. (b) Om beroemd te word. (c) Om 'n partytjiedier te wees. (d) Om soos Jesus te word.

9. Daar is 'n vergelyking tussen atlete en Christene; dat atlete oefen om 'n verganklike prys te verower, maar Christene streef na ……? *(1 Korintiërs 9:24,25)*
(a) 'n onverganklike kroon. (b) 'n onverganklike krans. (c) 'n waardevolle prys. (d) 'n oorwinnaarstrofee.